Helderstem

Sondagaankondigings en Nuusblad vir Helderberg Gemeente 29 April 2018 Jr. 7 Nr. 15
www.nghelder.co.za - 021 851 5582 - kommunikasie@nghelder.co.za

Daar is mense in die wêreld wat dink dat hulle sonder Jesus kan klaarkom. Ons as Christene glo dat ons niks sonder Jesus kan doen nie. Hy is die ware wynstok en ons *bly in* Hom (vv 1 en 4). Sonder Hom kan ons niks doen nie, net soos wat 'n wingerdloot op sy eie geen vrug kan dra nie.

Hierdie persoonlike verhouding met Christus is natuurlik nie so 'n eenvoudige saak nie. Hoe is dit moontlik om 'n verhouding te hê met iemand wat jy nie kan sien nie? Daar is elemente van hierdie verhouding wat ons nie verstaan nie net soos wat ons nie alles oor God verstaan nie. Maar as ons glo in Hom as die Lewende Opgestane Here, is ons alreeds deel van Hom. Ons word aangemoedig om in Hom te "bly." Hy wil 'n verhouding met ons hê. Hy sal nie die verhouding verbreek nie. Aan die ander kant vertel Joh 15 vir ons dat Jesus besig is met 'n snoeiproses in ons lewe. Hy "snoei" nie vir ons as lote omdat Hy ons eerstens wil veroordeel nie. Hy snoei ons sodat ons meer vrugte kan dra (v 2). Hy snoei ons deurdat Hy ons daagliks lei om sy woorde, sy wil te doen (v 3). Hy help ons elke oomblik op Hom te vertrou, selfs in moeilike omstandighede.

Wat is hierdie vrugte wat ons moet dra? In vers 9 gee die teks vir ons 'n duidelike antwoord: "Soos die Vader My liefhet, het Ek julle ook lief. Julle moet in my liefde bly." As ons in Jesus bly, sal ons nie anders kan as om hierdie vrugte te dra nie.

Sondag 29 April

Jesus, die ware wingerdstok
Joh 15:1-8

08:00 Meditatief	Hannes Theron
08:00 Klassiek	Danie O'Kennedy
09:30 Meditatief	Hannes Theron
09:30 Informeel	Breda Ludik
Geen Jeugaktiwiteite	
09:00 Hoop Geloofsgem	Mike Burnard
10:00 HB Village	Danie O'Kennedy
10:30 Internas Studente	Die Khaya
Geen Tienerkerk	
19:00 Aandkerk	Breda Ludik

Deurkollekte: Instandhoudingsfonds

Wintereredienstye begin op Sondag 6 Mei

RESTART – Databasis

'n Databasis wat op datum is vir 'n gemeente, eintlik enige organisasie, is van onskatbare waarde. So indien jy 'n oproep of e-pos vanaf die kerkkantoor kry om seker te maak of jou gegewens op ons databasis nog korrek is, wees asseblief behulpsaam.

Sondag 6 Mei

(Wintererdienstye begin)

Pinkster

08:30 Meditatief	Breda Ludik
08:30 Klassiek (doop)	Stephan Joubert
10:00 Meditatief	Breda Ludik
10:00 Informeel (doop)	Stephan Joubert
10:00 Jeugaktiwiteite	
09:00 Hoop Geloofsgem	Danie Möller
10:00 HB Village	Danie O'Kennedy
10:30 Internas Studente	Die Khaya

Geen Tienergroepe nie, hulle woon Pinkster aanddiens by

19:00 Aandkerk (in kerk)	Stephan Joubert

Bid saam met ons vir die volgende:

Johannes Esterhuizen (jnr) - leukemia
Helene Swart - kanker
Roenel Swart - ernstig siek
Desiré Groenewald - kanker
Sean Nieuwoudt - kanker
(Sean is die seun van Sakkie en Jeane)
Ida Jordaan - ingewikkelde operasie

Rou

Andrew King is oorlede, ons dink aan sy vrou Hendrika en gesin.

Eredienstye vanaf 6 Mei

08:00 Meditatief
08:30 Klassiek
09:00 Hoop Geloofsgem
10:00 Meditatief
10:00 Informeel
10:00 Jeugaksies
10:00 Helderberg Village
19:00 Aanddiens

Wat gebeur die week:

Maandag 30 April
Kerkkantoor sluit 13:00

Dinsdag 1 Mei
Werkersdag
06:00 Gesels en bid vir ons land - Tent

Donderdag 26 April
08:45 Bybelstudie - Kapel
17:30 DC, S&P, DC4K en GS
18:45 Kantory

Neem kennis

Baie welkom aan die volgende nuwe lidmate:

Johline Barnardt - Durbanville
Pieter en Marlize Boshoff met hulle kinders Heidi en Paul - Weltevreden
Danie en Margot Kritzinger - Swartland-Noord

Pinster en Hemelvaart

Aangebied deur **Stephan Joubert**
Tema: God se vreemde impakspelers: Bybelse roetes in geloofsvorming.
Begin Sondagoggend van 6 Mei en dan elke aand om 19:00. Die diens word weer die volgende oggend herhaal in die Kapel om 10:00.

Hemelvaart is op 10 Mei met 'n program van 08:00 deur die dag. Die aand om 19:00 sal daar 'n diens wees. Eetgoed word deur die dag en ook die aand te koop aangebied.

Helderberg Seniorklub

se byeenkoms vir Mei-maand word gekanselleer (1 Mei is 'n publieke vakansiedag en 8 Mei is Pinkster).
LW: Ons het eers weer op 5 Junie `n byeenkoms.
Besoekers en nuwe lede is welkom*: Koste R20 en dit sluit tee in.*
Kontakpersoon: Isabel Lubbe
021-855 1528 of 082 844 0735

Helderberg Gemeente
Bankbesonderhede
Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 (tjek)
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing Naam of bediening
Navrae Antoinette du Toit
021- 851 5582

Helderberg Uitreik
Bankbesonderhede vir Art 18A.
ABSA Helderberg Tak: 632005
Rek nr. 9114483080
Spaarrekening
Verwysing: Projeknaam of WBB

Kerkkantoorure
Weeksdae: 08:00 - 19:00
Vrydae: 08:00 - 13:00
Sondae: 08:30 - 11:30
Skoolvakansie: 8:00 - 13:00

Helderberg NG Gemeente
021 851 5582
www.nghelder.co.za
Leraarnoodnommer
083 988 2003
ontvangs@nghelder.co.za
Beradingsentrum:
Telefoon: 079 417 3863
berading@nghelder.co.za

SnapScan

Helderberg Gemeente

SnapScan

Helderberg Uitreik
Artikel 18A

Versorgingsfonds, ons is dankbaar vir ondersteuning

Gesinne in nood in ons gemeente word finansieel en maatskaplik deur die Versorgingsfonds ondersteun.
Dankie vir getroue bydraes.

Helderberg Gemeente
Bankbesonderhede
Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 - tjek
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing *Versorgingsfonds*